Woodoc 30 Spesifikasieblad

Tipiese Aanwending:
Vir buitenshuise gebruik waar 'n kleurlose laeglansafwerking verlang word. Bied UV-beskerming en is waterwerend. Ideaal vir deure, vensterrame, garagedeure en tuinmeubels. **Nie geskik vir gebruik op dekke nie.**

Produkeienskappe:
Woodoc 30 is 'n kleurlose, buitenshuise laeglansverseëlaar wat die natuurlike voorkoms en kleur van hout beklemtoon. Die produk is vogwerend, bevat 'n wasgedeelte wat die hout voed, asook 'n UV-absorbeerder wat die hout teen sonstrale beskerm.

- Beskerm buitenshuise hout teen seisoenale en omgewings-wisselvalligheid in vog.
- Bied uitstekende beskerming teen ultra-violetbestraling.
- Beklemtoon die natuurlike grein en kleur van die hout.
- Geskik vir alle houtsoorte.
- Dring hout diep binne om dit te voed.
- Nie-giftig wanneer droog.
- Beïnvloed nie lym nie.
- Vergaan aan die einde van lewensiklus.
- Volledige gebruiksaanwysings op etiket.

Nr: WD30/004
Gedateer: 18/10/11
Naam:
Woodoc 30 – Buitenshuise Poli-Was Verseëlaar (Kleurloos)
Beskrywing:
Diep penetrerende, kleurlose laeglansafwerking met UV-beskerming en waterwerende eienskappe, vir buitenshuise gebruik.
Dekking:
Eerste laag: 10-12 m^2/liter. Daaropvolgende lae 12-14m^2/liter. 3 lae (gemiddeld) 3,3 m^2/liter.
Aanwending:
Met verfkwas. Maak kwas met minerale terpentyn skoon.
Verdunning:
Verdunning word nie aanbeveel nie, maar indien nodig, gebruik slegs minerale terpentyn.
Drogingstyd:
Droging sal varieer, afhangende van vog en atmosferiese toestande.
Produkeienskappe:
Kleurlose, buitenshuise laeglanshoutverseëlaar. Formaldehiedvry
Wasinhoud: Laag.
Verenigbaarheid: Minerale Terpentyn.
Onverenigbaarheid:
Asetoon, Lakverdunner, Benseen en ander oplosmiddels.
Verpakking:
500 ml, 1 liter en 5 liter. (20 of 200 liter op versoek by handelaar beskikbaar)

LEES ALTYD DIE AANWYSINGS OP DIE BLIK VOOR AANWENDING.
VLAMBAAR. Hou buite bereik van kinders. Skadelik indien ingeneem word. Ingestie kan chemiese pneumonitis veroorsaak.
BELANGRIK: Hierdie produk word hard indien dit met suurstof in aanraking kom. Maak blik na gebruik goed toe om beter te bewaar.

Woodoc
FOOD FOR WOOD

Vervaardig en bemark deur:
Rekara Mills (Edms.) Bpk.
Posbus 16, Fort Beaufort, 5720, Suid-Afrika
Tel. +2746 645 1109 Faks +2746 645 1538